

## MINIMUM STANDAARDE TOV DIng REGISTRASIE

1. 'n Aansoekvorm (*Aansoekvorm - DIng Registrasie.pdf*) en CV, tesame met die volledige publikasielys van die kandidaat, dien voor 'n aangewese DIng Toelatingskomitee van die Fakulteit Ingenieurswese. Die DIng Toelatingskomitee bestaan tipies uit minstens drie persone, waar minstens twee persone nie van die tuisdepartement van die kandidaat is nie. Die meerderheid lede van die DIng Toelatingskomitee behoort oor 'n senior doktorsgraad te beskik, of oor 'n profiel te beskik wat hom/haar geskik sou maak as 'n kandidaat vir 'n senior doktorsgraad. Die DIng Toelatingskomitee word vir elke kandidaat, deur die Visedekaan (Navorsing), in oorleg met die betrokke departement, voorgestel. Die DIng Toelatingskomitee word deur die Dekaan goedgekeur. Indien die Dekaan self 'n kandidaat van die DIng Toelatingskomitee is, moet die DIng Toelatingskomitee deur die Visedekaan (Navorsing) en Visedekaan (Onderrig) goedgekeur word.
2. 'n Bestuursopsomming (maksimum van 600 woorde) moet saam met die aansoek deur die kandidaat voorberei word. Hierdie dokument moet slegs die volgende inligting bevat:
  - 2.1. Die titel van die navorsingsprojek.
  - 2.2. Die naam van die kandidaat.
  - 2.3. Die naam van die promotor(s).
  - 2.4. Die lyf van die bestuursopsomming met die volgende genommerde afdelings:
    - 2.4.1. 'n Uiteensetting van die unieke bydrae wat die kandidaat se publikasies in 'n spesifieke navorsingsveld gemaak het.
    - 2.4.2. 'n Breë tydskedulering vir die voltooiing van die proefskrif.
3. Die DIng Toelatingskomitee beoordeel die bestuursopsomming, en maak 'n aanbeveling aan die Departementele Toelatingskomitee. Dit staan die DIng Toelatingskomitee vry om die kandidaat te versoek om 'n mondelinge voordrag te doen, en ook om te versoek dat die bestuursopsomming verbeter word, en vir heroorweging voorgelê word.
4. Die DIng Toelatingskomitee se aanbeveling word deurgegee aan die Departementele Toelatingskomitee.
5. Na aanvaarding/afkeuring van die bestuursopsomming deur die DIng Toelatingskomitee, word die aanbevelingsvorm (*Toelatingskomitee Aanbeveling - DIng Registrasie.pdf*) deur die Departementele Toelatingskomitee voltooi en saam met die voltooide DIng aansoekvorm (*Aansoekvorm vir DIng Registrasie.pdf*) afgestuur na die Fakulteitskretaris, wat dit op die agenda van die Fakulteitskomitee plaas.
6. Die aanbevelingsvorm en bestuursopsomming dien by die Fakulteitskomitee vir moontlike aanbeveling na die Fakulteitsraad.
7. Na goedkeuring deur die Fakulteitsraad, word die kandidaat geregistreer vir DIng.